# FRESH – 'n Nuwe Begin - Josua 6: Die onmoontlike word moontlik

## Inleiding
Wat is op hierdie stadium onmoontlik in jou lewe?  Waarop het jy lankal moed opgegee, dat dit nooit sal gebeur nie...?

## Agtergrond
Stede wat baie goed verskans is, was nie so maklik om in te neem nie en Jericho was bekend as 'n baie goeie vestingstad, met genoeg kos voorraad en waterputte binne die mure. Die Israeliete het 'n ander plan as gewoonlik nodig gehad!
**Lees Josua 2:8-11, 24** Die prostituut, Ragab, help die Joodse spioene en verklaar dat God klaar die oorwinning behaal!

## Skriflesing:  Lees Josua 6
**'n Paar beginsels uit hierdie verhaal wil vir ons help om mure af te breek in ons eie lewens, om onmoontlike situasies aan te pak en te oorwin:**

1. **God het lankal 'n plan met mure wat moet val – 6:2**

   Hy weet die mure van hierdie stad moet en gaan val.  Hy weet daar is goed in ons lewens wat ons al vir baie lank beheer – jaloesie, haat, sukkel om te vergewe, vrees, sonde, spanning, stukkende drome, moedeloos, min hoop in jou krisis, voel nie goed genoeg nie, lewens, selfsug, skuldgevoelens...  hierdie goed word soos mure van 'n vestingstad

   **Wat is jou Jericho-mure waardeur God moet breek?**

**Deel van God se plan is baie duidelike opdragte. Wat was dit vir Israel? – v 2-5**

Waarom dink jy gee God vir hulle hierdie vreemde plan?



2. **Dit is makliker om aan die Here gehoorsaam te wees as jy Hom kan vertrou**

En dit was die uitdaging vir Israel. God gee vir hulle ‘n vreemde plan en vra dat hulle dit presies moet uitvoer.

**Wat maak dit vir jou moeilik om God te vertrou?**

Maar dit is hulle gehoorsaamheid aan God wat die oorwinning bring – God word nie beperk deur wat ons dink moontlik is nie. Wat sê **Hebreers 11:30 en Jakobus 2:26 hieroor?**

3. **God steur Hom min aan ons reëls!**

- **Prostitute**, en nogal heidense prostitute het geen plek in die Godsvolk nie en tog gebruik God vir Ragab om sy volk te red. Sy kry ‘n plek in Israel en word die ouma-grootjie van Dawid! (**Matt 1:5**)
- **Die Sabbat** was vir Jode ‘n geweldige heilige dag. Die laaste wat hulle op ‘n Sabbat sou doen was om 7 x om ‘n stad te trek en oorlog te maak en tog is dit presies wat hier gebeur **(Josua 6:4-5)**

Ons moet leer dat God groter is as ons reëls en godsdienstige voorskrifte en wette – die sake wat ek dink ononderhandelbaar is, gaan nooit vir God beperk nie!

**Watter godsdienstige voorskrifte en gebruike is vir jou on-onderhandelbaar?**

**Is dit moontlik dat God dalk ‘n ander opinie het? Hy skep ruimte vir ‘n nuwe dink**, en ander verstaan. Hier maak Hy plek vir ‘n prostituut en breek Hy die Sondag-reëls!

**Watter reëls het ons wat mense uitsluit?**

4. **“Say it”: Watter opdrag kry hulle in Josua 6:5 en 20**?

Ons moet soms hardop verklaar dat God die oorwinning gaan gee, die onmoontlike in ons lewens kan doen.

Verklaar hardop: ***“Ek glo dat die onmoontlike in my lewe vir God moontlik is...”***

.

**Bid saam vir sake wat opgekom het in julle gesprekke.**

